

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

# Van Zyl v BB Truck & Tractor Services (Edms) Bpk (49342/07)

## [2008] ZAGPHC 295 (8 October 2008)

[2008] ZAGPHC 295

## COURT

High Courts - Gauteng

## BEFORE

B.R. Southwood

## CASE / FILE NUMBER

49342/07

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

Datum: 2008-10-08

Saaknommer: 49342/07

In die saak tussen:

ALBERTUS JOHANNES VAN ZYL Applikant

en

BB TRUCK &amp; TRACTOR SERVICES (EDMS) BPK Respondent

UITSPRAAK

SOUTHWOOD R

- [1] Op 11 Junie 2007 het die arbiter, Mnr. J. de Klerk, 'n toekenning gemaak ingevolge waarvan –
- (1) die respondent binne 30 dae vanaf lewering van die toekenning, 'n 7930 model John Deere trekker toegerus met 'n auto track en met dubbel agterwiele teen betaling van die bedrag van R957 600 BTW ingesluit aan die applikant moes lewer, by versuim waarvan die respondent die bedrag van R527 820 aan die applikant moes betaal;
- (2) die respondent die arbiter se gelde en die uitgawes van die verrigtinge moes betaal.
- [2] Die applikant doen aansoek vir 'n bevel dat –

- (1) daar verklaar word dat enige reg van appèl wat die respondent mag gehad het teen die toekenning van die arbiter, Mnr. J. de Klerk, gedateer 11 Junie 2007 verval het;
- (2) die arbiter se toekenning, ingevolge waarvan hy die respondent gelas het om 'n bedrag van R527 820 tesame met rente en koste, 'n bevel van die hof gemaak word.
- [3] Die respondent opponeer die aansoek op die volgende gronde:
  - (1) Die arbiter is nie behoorlik aangestel nie;
  - (2) Daar is nie 'n geldige toekenning nie;
  - (3) Daar het 'n onreg teenoor die respondent plaasgevind weens die proses en die feit dat die respondent nie kon reageer op 'n moontlike geldvonnis nie;
  - (4) Die rekord van die verrigtinge is nie behoorlik bygehou nie.
- [4] Die respondent het op dieselfde gronde 'n teenaansoek teen die applikant ingestel waarin die respondent versoek dat die arbitrasietoekenning tersyde gestel word, alternatiewelik, dat verklaar word dat dit 'n nulliteit is.
- [5] Die arbiter is nie 'n party tot hierdie aansoek nie. Hy is bewus van die aansoek maar hy wil nie as 'n party tot die aansoek toetree nie en berus hom by die uitspraak van die hof. Die arbiter het 'n eedsverklaring afgelê ten aansien van sy aanstelling as arbiter.
- [6] Die wesentlike feite is nie in geskil nie en die relevante feite kan soos volg saamgevat word:
  - (1) Die applikant het beweer dat hy op of ongeveer 30 Junie 2006 'n ooreenkoms met die respondent aangegaan het ingevolge waarvan die applikant 'n John Deere 7920 model trekker volledig met auto track en dubbel wiele van die respondent gekoop het teen 'n prys van R957 600 BTW ingesluit;
  - (2) Die applikant het beweer dat die ooreenkoms aangegaan is deur middel van 'n skriftelike aanbod om te koop nr 15251 wat die applikant onderteken het en die respondent aanvaar het;
  - (3) Ten spyte van 'n aanmaning het die respondent versuim om die trekker aan die applikant te lewer en ontken dat 'n ooreenkoms tot stand gekom het;
  - (4) Die aanbod om te koop bevat die volgende arbitrasieklousule:

'15. In the event of a dispute arising between the buyer and the seller the buyer agrees to arbitration in the judicial area of the seller by an attorney with more than 7 years experience appointed by Hendrik Sebastian Gericke Smit, Philip Smit, Marius Botha, Jacques Horak, Corrie Nel Attorneys, and Mahopa Attorneys or their successors in title. All the rules of arbitration will be determined by the appointed arbitrator and his decision will be final. Every step to arbitration will have periods of 5 working days in between and arbitration must be finalised within 5 working days. Any partner of above firms not making the appointment, may also act as arbitra- tor. The periods will be as follows:

15.1 5 (Five) days to demand from the counterparty any wrongdoing and to register a dispute;

15.2 If the counterparty does not perform as requested one of the appointed attorneys will be requested to appoint an arbitrator with the necessary expertise relating to the dispute in question;

15.3 The arbitrator gives the parties 5 (five) days to appear before him;

15.4 The arbitrator finalises the matter within 5 (five) days. The arbitrator's decision in respect of the client will be final but the Seller may appeal if the verdict is:

- (a) of a technical nature, based on misrepresentation, damage, forgery, theft, vexatiousness or if any untruth is involved.'
- (5) Gedurende Maart 2007 het prokureur Philip Smit van Polokwane, mnr.J. de Klerk, genader en gevra of hy, mnr. De Klerk, bereid sou wees om as arbiter op te tree in 'n dispuut tussen die applikant en die respondent in verband met die aankoop van 'n John Deere trekker. Mnr. Philip Smit het aan mnr. De Klerk te kenne gegee dat hy, Philip Smit, benoem is om 'n arbiter aan te stel in die saak. Mnr. De Klerk het ingestem om as arbiter op te tree en op 16 April 2007 mondelings en op 17 April 2007 skriftelik bevestig teenoor Philip Smit dat hy, De Klerk, bereid was om die arbitrasie te hanteer.
- (6) Die arbitrasie het op 29 Mei 2007 'n aanvang geneem en is op 30 Mei 2007 voltooi en die arbiter het op 11 Junie 2007 sy toekenning aan die applikant bekendgemaak.
- (7) Die respondent het nie die toekenning van die arbiter aanvaar nie en het op 3 Julie 2007 die applikant in kennis gestel dat hy nie met die toekenning saamstem en dat hy nie die trekker sou lewer of die betaling sou maak nie.
- (8) Daar was toe 'n briewewisseling tussen die partye se prokureurs waaruit dit geblyk het dat –
  - (i) die respondent oorweeg het om teen die toekenning te appelleer maar oor die prosedure onseker was omdat die arbitrasieklousule nie bepaal waarna geappelleer moet word nie;
  - (ii) die applikant die toekenning 'n bevel van die hof wou maak sodat hy dit kon afdwing.
- (9) Die respondent het nie 'n appèl teen die toekenning aangeteken nie en die applikant het op 24 Oktober 2007 hierdie aansoek van stapel gestuur.
- [7] Die applikant steun op die bepalings van artikel 31(1) van die Wet op Arbitrasie, 42 van 1965, wat as volg lui:

'31. Toekenning kan 'n hofbevel gemaak word.-

- (1) 'n Toekenning kan, op aansoek by 'n bevoegde hof deur 'n party by die verwysing na behoorlike kennisgewing aan die ander party of partye, 'n hof- bevel gemaak word'

Die applikant voer aan dat die toekenning geldig is terwyl die respondent die teenoorgestelde beweer.

[8] Die respondent steun op die bepalings van artikel 33 van die Wet, die relevante dele waarvan soos volg lui:

'33. Tersydestelling van toekenning –

(1) Wanneer –

(a) ...

(b) 'n arbitrasiehof hom aan 'n growwe onreëlmatigheid skuldig gemaak het by die voer van die arbitrasieverrigtinge of sy bevoegdhede oorskry het; of

(c) 'n toekenning op 'n onbehoorlike wyse verkry is,

kan die hof, op aansoek van 'n party by die verwysing na behoorlike kennisgewing aan die ander party of partye, 'n bevel gee waarby die betrokke toekenning ter syde gestel word.

(2) 'n Aansoek ingevolge hierdie artikel moet gedoen word binne ses weke na die bekendmaking van die toekenning aan die partye: Met dien verstande dat wanneer die tersydestelling van die toekenning op grond van die pleging van 'n misdryf bedoel in Dele 1 tot 4 of artikel 17, 20 of 21 (vir sover dit op voornoemde misdrywe betrekking het) van Hoofstuk 2 van die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, 2004 aangevra word, bedoelde aansoek gedoen moet word binne ses weke na die ontdekking van daardie misdryf en in elk geval nie later nie as drie jaar nadat die toekenning bekendgemaak is.

(3) ...

(4) Indien die toekenning tersyde gestel word, moet die geskil, op versoek van die een of die ander party, voorgelê word aan 'n nuwe arbitrasiehof saamgestel op die wyse deur die hof gelas.'

Kon die arbitrasieverrigtinge geldiglik in terme van die arbitrasieklousule in die aanbod om te koop plaasvind?

[9] Die aanbod om te koop bevat die bepalings van die ooreenkoms wat die applikant beweer en die respondent ontken. Die aanbod om te koop bevat ook die

bepalings van die arbitrasieklousule ingevolge waarvan die arbitrasieverrigtinge gehou sou word. Alhoewel die vraag nie in die

eeidsverklarings en hoofde van argument bespreek is nie is dit duidelik dat die eerste vraag wat gevra moes word was of die arbitrasieverrigtinge geldiglik in terme van die arbitrasieklousule kon plaasvind waar die respondent die geldigheid van die arbitrasietoekenning aanval. Dit is 'n suiwer regspraak en die feite met betrekking tot die hou van die arbitrasie is nie in geskil nie – sien *Van Rensburg v Van Rensburg en Andere* 1963

(1) SA 505 (A) te 509H- 510C; *Cabinet for the Territory of South West Africa v Chikane* 1989

(1) SA 349 (A) te 360F-G; Minister van Wet en Orde v Matshoba 1990

(1) SA 280 (A) te 285E-I.

[10] In *Scriven Bros v Rhodesian Hides and Produce Co Ltd and Others* 1943 AD 393 te 400-401 het die hof die volgende passasies van die uitspraak in *Heyman v Darwin's Ltd* [1942] 1 All ER 337, met goedkeuring aangehaal –

‘An arbitration clause is a written submission, agreed to by the parties to the contract, and, like other written submissions to arbitration, must be construed according to its language and in the light of the circumstances in which it is made. If the dispute is as to whether the contract which contains the clause has ever been entered into at all, that issue cannot go to arbitration under the clause, for the party who denies that he has ever entered into the contract is thereby denying that he has ever joined in the submission. Similarly, if one party to the alleged contract is contending that it is void ab initio (because, for example, the making of such a contract is illegal), the arbitration clause cannot operate, for on this view the clause itself is also void.

If, however, the parties are at one in asserting that they entered into a binding contract, but a difference has arisen between them as to whether there has been a breach by one side or the other, or as to whether circumstances have arisen which have discharged one or both parties from further performance, such differences should be regarded as differences which have arisen “in respect of”, or “with regard to”, or “under” the contract, and an arbitration clause which uses these, or similar, expressions, should be construed accordingly.’

Sien ook *Collins v Levy* 1917 CPD 490 te 492; *Allied Mineral Development Corporation (Pty) Ltd v Gemsbok Vlei Kwartsiet (Edms) Bpk* 1968

(1) SA 7 (C) te 13; *Mettallurgical and Commercial Consultants (Pty) Ltd v Metal Sales Co (Pty) Ltd* 1971

(2) SA 388 (W) te 389-390; *Lawsa 1st Reissue Vol 1 Arbitration* para 417.

[11] Dit blyk die eenvoudige antwoord op die geskil tussen die partye te wees en beteken dat dit nie nodig is om die ander punte deur die partye geopper te oorweeg nie. Die vermeende arbitrasieverrigtinge en die toekenning gelever ooreenkomstig die arbitrasieklousule in die aanbod om te koop is ‘n nulliteit.

[12] Nieteenstaande hierdie gevolgtrekking sal sekere van die ander gronde waarop die respondent die toekenning aanveg kortliks oorweeg word.

Die arbitrasieklousule is nietig weens vaagheid

[13] Klousule 15 van die aanbod om te koop, die arbitrasieklousule, gee voor om voorsiening te maak vir arbitrasie van geskille wat tussen die partye ontstaan en appëlle deur die ‘Seller’, d.w.s. die respondent.

[14] Dit is gemeensaak tussen die advokate dat die bepalinge van die arbitrasieklousule wat voorsiening maak vir appèlle, weens vaagheid nietig is. Die respondent voer aan dat as gevolg van hierdie nietigheid die hele klousule nietig is terwyl die applikant aanvoer dat die bepalinge van die klousule wat voorsiening maak vir appèlle van die oorblywende bepalinge wat voorsiening maak vir arbitrasieverrigtinge geskei kan word. Die vraag is dus of die nietige bepalinge van die geldige bepalinge geskei kan word.

[15] In Sasfin (Pty) Ltd v Beukes 1989

(1) SA 1 (A) het die hof te 16B gesê –

“The “fundamental and governing principle” with regard to severability is “to have regard to the probable intention of the parties as it appears in, or can be inferred from, the terms of the contract as a whole”

In Bal v Van Staden 1903 TS 70 te 82 het die hof gesê –

‘the general rule is laid down by Mr Justice Wills in Pickering v The Infracombe Railway Co (37 LJCP 118) as follows:

*“The general rule is that where you cannot sever the illegal from the legal part of a covenant, the contract is altogether void; but where you can sever them, whether the illegality be created by statute or by the common law you may reject the bad and retain the good”*

[16] Vir doeleindes van hierdie argument is dit slegs nodig om die arbitrasieklousule self te oorweeg.

[17] Dit is duidelik dat die partye voorsiening wou maak vir arbitrasieverrigtinge indien ‘n dispuut sou ontstaan. Dit is

ewe duidelik dat hulle voorsiening wou maak vir ‘n reg tot appèl vir die ‘Seller’. Hierdie reg is duidelik

deur die respondent beding. Indien hy nie ‘n reg tot appèl sou hê nie sou hy nie in arbitrasieverrigtinge belangstel nie. Indien hy in die hof sou litigeer was daar altyd die moontlikheid van ‘n appèl. Hierdie is nie ‘n geval waar die goeie deel van die slegte deel van die klousule geskei kan word nie. Die arbitrasieklousule is ook weens hierdie rede nietig.

Die arbiter het sy bevoegdheid oorskry

[18] Die arbiter se bevoegdheid word bepaal na aanleiding van die dokument of dokumente wat die verwysing bevat. Die arbitrasieklousule vereis nie dat ‘n formele verwysing opgestel word nie en die partye het nie ‘n formele verwysing opgestel nie: daar is dus geen eisuiteensetting nie. Die partye het volstaan met die briewe wat die applikant se prokureur aan die respondent gerig het. Dit blyk uit die aanmaning gedateer 10 November 2006 dat die applikant lewering van ‘n nuwe John Deere 7920 trekker, soos ooreengekom, teen betaling van die ooreengekome koopprys van R840 000 BTW uitgesluit. Dit blyk ook dat die applikant gesteun het op ‘n skriftelike aanbod om te koop nommer 15251 wat op 30 Junie 2006 geteken

is. Dit is gemeensaak dat die respondent beweer het dat dit nie aan die aanbod om te koop gebonde was nie en dat dit die geskil was wat vir arbitrasie verwys is. Die arbiter moes derhalwe beslis of die koopkontrak vervat in die aanbod om te koop nommer 15251 bindend was en indien wel, of die respondent die John Deere 7920 trekker moes lewer. Daar is geen sprake in die relevante korrespondensie (Beyers & Day se skrywes gedateer 10 November 2006 (oorkonde bl 57-58) en 22 November 2006 (oorkonde bl 59-60)) dat die applikant aanspraak maak op lewering van enige ander voertuig, die betaling van skadevergoeding of betaling van 'n geldbedrag nie.

- [19] Die arbiter het bevind dat die koopvooreenoms (ten opsigte van 'n John Deere 7920 trekker) geldig was maar dat dié voertuig nie gelewer kon word nie. Hy het gevolglik gelas dat die respondent 'n John Deere 7930 trekker moet lewer, by gebreke daarvan, dat die respondent R527 820 aan die applikant moet betaal.
- [20] Indien 'n arbiter sy bevoegdhede oorskry kan sy toekenning in terme van artikel 33(1)(b) van die Wet tersyde gestel word. Die vermelde toekenning was buite die arbiter se bevoegdhede en dit was gevolglik ab initio nietig. Dit is nie nodig om so 'n toekenning in terme van artikel 33(2) van die Wet tersyde te stel nie – sien *Melman v Engelman* 1940 WLD 151; *Dickinson & Brown v Fisher's Executors* 1915 AD 166 te 175; *McKenzie NO v Basha* 1951
- (3) SA 783 (N) te 786A; *Fassler Kamstra & Holmes v Stallion Group of Companies (Pty) Ltd* 1992
- (3) SA 825 (W) te 829A-C; *Van Zijl v Von Haebler* 1993
- (3) SA 654 (SOK) te 659G-J; *Lawsa 1st Reissue Vol 1 Arbitration* para 448.
- [21] Selfs indien 'n bevel in terme van artikel 33(2) van die Wet nodig is sou ek die respondent se versuim om die nodige aansoek binne 6 weke te bring kondoneer in terme van artikel 38 van die Wet en die toekenning tersyde stel.
- [22] 'n Verdere rede om die toekenning nie 'n bevel van die hof te maak nie is die arbiter se optrede met betrekking tot die kwessie van betaling van skadevergoeding. Sonder om die respondent se verteenwoordiger in te lig of te waarsku dat hy die betaling van 'n geldbedrag of skadevergoeding oorweeg het hy hom gevra vir die prys van 'n John Deere 7930 trekker. Dit het beteken dat hy nie 'n billike geleentheid aan die respondent gebied het om sy saak ten opsigte daarvan te stel nie. Sien *Body Corporate Houghton Villas v GOT Construction (Pty) Ltd* 2002
- (1) SA 760 (W) te 761C-D; *Kannenburger v Gird* 1966
- (4) SA 173 (K) te 187D-E; *Wilton v Gattonby & Another* 1994
- (4) SA 160 (W) te 167F-G.

Bevel

- [23] (1) Daar word verklaar dat die arbitrasietoekenning van mnr. J. de Klerk gelewer op 11 Junie 2007 in die saak tussen die applikant en die respondent 'n nulliteit is.
- (2) Die applikant se aansoek word van die hand gewys.
- (3) Die applikant word gelas om die koste van die aansoek te betaal.

-----

B.R. SOUTHWOOD

REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

SAAK NR: 49342/07

DATUM VAN VERHOOR: 25 September 2008

NAMENS DIE APPLIKANT: ADV. N.G.D. MARITZ SC

IN OPDRAG VAN: Mnr. D. Beyers van Beyers & Day Ing.

NAMENS DIE RESPONDENT/VERWEERDER: ADV. H.J. DE WET

IN OPDRAG VAN: Mnr. B.J. de Klerk van Davel De Klerk Kgatla Prokureurs

DATUM VAN UITSPRAAK: 8 Oktober 2008

---

### Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE      <https://www.saflii.org/za/cases/ZAGPHC/2008/295.html>

CASE PAGE              <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/van-zyl-v-bb-unknown-topic-agphc-2008--6a3ea51e3b1caa91298148c5>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria